**SAAMPRAATPAPIER** **04 JUNIE 2017**

**NAGMAALSDIENS**

1. **HANTEER** Lief en Leed
2. **LEES** Romeine 8: 31 -39 saam in die groep;
3. **LEES** elkeen in stilte die gedeelte weer;
4. **DEEL** in die groep wat jou aanspreek/vir jou uitstaan in hierdie gedeelte;
5. **BESPREEK:** Wat, volgens hierdie gedeelte, maak dat daar geen *skeiding* kan plaasvind nie?

6. As verbondsmaaltyd het die Nagmaal die volgende **betekenisse**:
   a. Gedagtenismaaltyd – ons bring Jesus se kruisiging en opstanding in gedagte
   b. Waarborg – ons het deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding
   c. Viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar
   d. Verkondiging van ons toekomsverwagting – daar is 'n wederkoms
   e. 'n Vreugdefees – ons smaak nou al van die vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam
   f. Fees van dankbaarheid

**Praat saam** oor die verskillende betekenisse, en deel met mekaar as daar van die betekenisse is wat vir jou veral aanspreek/ jou hart aanraak;

7. **VERTEL VIR MEKAAR:** Ervaar jy die Nagmaal steeds "nuut" wanneer jy dit gebruik, of het dit half 'n gewoonte geraak?

8. **PRAAT SAAM**: hoe kan ons weer die betekenisse van die Nagmaal nuut maak in ons lewe/ keer dat die Nagmaal maar net nog 'n mooi gewoonte in ons lewe word?

9. **GEBED:** Bid vir die leerders en studente wat besig is met eksamen;
   vir reën (veral Wes-Kaap);
   vir almal wat swaar kry in hierdie winter

&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&